

Sondag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Handeling 16:11-15

Fokusgedeelte: Handeling 16:14

Geroepe Lidia kom tot bekering

Die wonderlike voorreg om, voor die wêreld geskep is, in Christus uitverkies te wees, kan ons nie begryp of verklaar nie (Ef. 1:4). In sy ewige raadsplan het God ons bestemming vasgemaak, ons geroep en vrygespreek (Rom. 8:28-30).

Gelei deur die Heilige Gees het Paulus sy reisplanne verander (Hand. 16:6 ev) en na Masedonië gegaan. In Filippi was hulle teleurgesteld, want niemand het hulle nodig gehad nie (gesig in Troas). Vol verwagting het hulle op die sabbatdag na die rivier, buite die stadspoort, gegaan. Hulle het gedink dat daar 'n Joodse bidplek sou wees. Hulle het (soos gebruikelik) gaan sit en met die vroue wat daar bymekaar was, gepraat.

Lidia, van heidense afkoms, wat die Joodse geloof aangeneem het, het na die prediking van die gekruisigde en opgestane Christus geluister. Sy het gretig geluister, want die Here het haar hart (verstand, wil en gevoel) vir die evangelie ontvanklik gemaak. Die Heilige Gees het, deur die Woord, op haar lewe beslag gelê en haar tot geloof en bekering beweeg.

Die mens wat nie die Gees van God het nie, kan die prediking nie ontvang of aanvaar nie (1 Kor. 2:14). In Lidia se hart het die Heilige Gees reeds die voorbereidende werk gedoen (wedergeboorte) en daarom het sy deur die prediking tot bekering gekom (Rom. 10:7). Sy was daarop voorbereid, sy luister, neem ter harte en aanvaar in geloof wat sy hoor. Haar geloof is verder versterk toe sy en haar huisgesin gedoop is.

Lidia was seker dat hulle oortuig was dat sy in die Here glo (Rom. 10:9). Op grond daarvan het sy, dankbaar vir redding, daarop aangedring dat hulle by haar tuisgaan. So het God dit bewerk dat hulle vanuit haar huis verdere sendingwerk doen.

God wat ons roep, is getrou. Deur sy Gees word ons van die waarheid van die Woord oortuig. Selfs al word ons diep beproef, sal ons ons geloof behou.

Sing: Psalm 33-1:5, 6

Ds. WP van der Merwe (Willem) (Emeritus)